

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
8 April 1977

Onderwerp: Goeie Vrydag  
Nagmaal

Lees: Johannes 19 verse 17 tot 30

Teks: Johannes 19 vers 30

Sing: Psalm 118 vers 12  
Gesang 100 vers 1  
Gesang 105 verse 1 en 4

“Ons vier elke jaar Goeie Vrydag. Goeie Vrydag? Is dit die regte naam vir hierdie dag? Moet ons nie liever van Swart Vrydag praat nie? Nog nooit was daar ’n donkerder dag in die geskiedenis van die wêreld nie. En tog noem ons dit met reg ‘Goeie Vrydag’.

“Op hierdie dag het God bewys dat Hy ons oneindig lief het. Op hierdie dag het Hy vir ons die Hemel kom oopmaak en met ’n duidelike stem vir die wêreld kom sê: ‘Dit is volbring!’ (Joh 19:30)

“Miskien het dit in die timmermanswinkel gebeur dat Jesus Christus weke lank gewerk het, totdat sy hande seer was van die hantering van die hout en spykers. Toe die geskenk wat Hy wou gemaak en gegee het uiteindelik gereed was, het Hy Josef en Maria gaan roep: Kom kyk dit is klaar!

“Dit het op Golgota gebeur. Jesus Christus het drie jaar lank daaraan gewerk, totdat sy hande en voete gepyn het van die hout en die spykers. Toe was die geskenk gereed wat Hy so graag wou gegee het.

“Op daardie dag het Hy die mensheid nader geroep. Hy het eers water vir sy lippe gevra, sodat Hy dit helder en duidelik kon verkondig: Kyk, dit is klaar. Neem dit. ‘Dit is volbring!’

“Maar Broers en Susters, is dit waar? Die een vraag volg op die ander. Was hierdie woorde nie maar net die woorde van ’n sterwende wat wou sê: nou is die lyding verby nie? Nou mag Ek uiteindelik sterwe. Die vriendelike dood is hier om My uiteindelik te verlos. Het die woorde ‘dit is volbring’ nie maar net beteken: dit is uiteindelik klaar en gedaan, asof dit die hopelose allesverlorende einde was nie?

“Hoe kon daar ooit op Golgota, die plek van onreg, iets volbring word, behalwe dat die haat en

liefdeloosheid miskien getriomfeer het? Is daar wel iets op Golgota bereik en volbring? Het iets in hierdie bese wêreld daarna verander?

“Die Christendom bestaan nou reeds twintig eeue en die dood swaai nog na willekeur sy sens; en die goddeloosheid loer om te sien wie hy kan verstrengel. Dit is asof die kwaad en sonde by die dag toeneem. Oorloë en gerugte van oorloë is alledaags. Jesus van Nasetrek trek nog steeds soos ’n Vreemdeling deur die strate. Wat het Hy dan volbring?

“Broers en Susters, in die eersteplek beteken die woord ‘dit is volbring’ nie maar net ‘uiteindelik’ nie. Jesus Christus se dood was nie noodlot nie. Hy het doelgerig op Golgota gesterwe. Daarvoor is daar veel bewyse. Johannes skryf byvoorbeeld dat Jesus sy lewe doelbewus afgelê het: ‘Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af.’ (Joh 10:18) Dit was Jesus Christus se plan om te sterwe en só sy werk af te handel. Hy het sy lewe gegee. Daarom het Hy sy ‘volbring’ uitgespreek toe dit alles afgehandel was.

“Kon daar ooit iets op Golgota volbring word? Ja, Jesus wou dit juis hier op Golgota volbring. Daar waar dit gelyk het asof die haat gewen het. Daar het die haat verloor, omdat dit hom uitgewoed het. Daar het die liefde getriomfeer. Dit is nêr daarvoor dat Jesus Christus, die Seun van God, na hierdie wêreld gekom het. Hy het in liefde alles afgelê, sodat Hy niks besit het nie en alles moes leen: ’n krip van diere as ’n wiegie, die kussing van die veld, ’n esel, ’n bovertrek van ’n onbekende, ’n kruis van Barábbas en ’n graf van Josef van Arimathea. Jesus Christus het niks gehad nie, behalwe die liefde. En dit het Hy uitgedeel aan tollenaars, sondaars, verminktes en melaatses.

“Maar die haat kon sy liefde nie verdra nie. Daarom het die haat alles moontlik teen hierdie liefde gemonster. En die liefde het die haat uitgelok om dit op die haatlikste denkbare manier te doen: op Golgota aan ’n vloekhout met hamers en spykers. En toe die haat gedink het dat dit gewen het, het die liefde getriomfeer. Die haat het alles van Jesus Christus weggenem: sy volgelinge, sy klere; maar nie sy liefde nie. Jesus het aan kruis nog gebid om vergifnis vir die instrumente van haat.

“En nou bly die liefde. Die liefde vergaan nimmermeer nie. Tale, profesië, kulture en idees, ja, alles sal soos die haat tot niet gaan. Hulle sal ophou, maar die liefde sal vir ewig bly.

“Maar waarom het daar dan sedertdien so min daarvan in hierdie wêreld tereggekome? Omdat die mens hierdie geskenk van God nie aanvaar het nie. Ons wil geld hê, eer, posisie, erkenning en mag, terwyl ons grootste behoefte die liefde van God is. Ons is Christene op alle moontlike maniere, behalwe langs die weg van 1 Korinthiërs 13.

“Maar Broers en Susters, al het ons dit na 2000 jaar nog nie aangeneem nie, het die liefde nie verbygegaan nie. Nee, die liefde bly. Daarvan wil Jesus Christus ons op hierdie Goeie Vrydag deur die teken van sy dood, die versekering gee.

“Die liefde bly. Daarom bly die hoop ook. Want al is dit so dat die winter van die sonde en die dood nog altyd oor hierdie aarde woed, het ons tog eenmaal die lentebloei gesien. En geen winterwoede sal dit ooit ongedaan kan maak nie. Dit bly waar. Die lente is hier. Dit sal uiteindelik sigbaar word.

“Jesus het sy werk volbring vir ons. Dit sal uiteindelik ook in ons en om ons volbring word.

“‘Dit is volbring!’ So ryk en heerlik is hierdie woorde in betekenis, dat dit die tragedie van die kruis verander in ’n vreugdeboodskap waaruit ons kan lewe tot in Ewigheid. In hierdie woorde is alles verseël wat nodig is vir ons redding; en uit hierdie woorde leef en werk ons vir die HERE.

“Amen.”